BYWONING : HANDREKORDS SKEP

In gevalle waar werkers vir 'n spesifieke periode nie kon klok nie, kan handrekords geskep word ten einde te verseker dat die werker betaling vir daardie tyd ontvang. Volg die volgende stappe:

1. Op die Hoofskerm, kies die opsie: Bywoning.
2. Kies die opsie in die geel blok: Dataverwerking.
3. Kies aan die regterkant in die pienk/blou opsies: Massa-skep van bywoningsrekords.



4. Kies of die rekords vir slegs een werker of vir alle werkers geskep moet word:
   - In geval van een werker, kies die werker se naam uit die lys.
   - In geval van "alle werkers", kies of dit vir een werkergroep of alle werkergroepe moet wees.
   - Kies ook die maatskappy (indien meer as een maatskappy).

5. Voltooi die "begindatum" en die "einddatum" (mag nie vir meer as 31 dae op 'n slag wees nie). Verskaf 'n rede vir skep van handrekords, en kliek op: OK.



Werkers sal betaling ontvang vir die ure soos gedefinieer volgens die tydprogram waarop hulle is.

LET WEL:

Indien u by punt Nr. 2 hierbo sou kies "Massa-skep bywoningsrekords : spesifeer tye", sal ure nie geskep word volgens die toepaslik tydprogram nie, maar wel volgens die ure soos onder hierdie item ingelees.